

**Charl-Pierre  
Naudé**

Charl-Pierre Naudé  
se debuutbundel is

*Die nomadiese  
oomblik.* In 1997 is die  
Ingrid Jonker-Prys  
daaraan toegeken.  
Die titel van sy nuwe  
digbundel is *In die  
geheim van die dag.*

## Die grond van die voorvaders

'n Paar jaar gelede het ek 'n naweek deurgebring  
op 'n versaakte plasie, in noordoos Mpumalanga.  
In hierdie streek, word gesê, kom die hoogste  
insidensie grond-tot-lug weerlig in die wêreld voor.  
Die hemelruim verdonker, alles word pers en silwer  
en die pletterklanke begin. Soms slaan 'n hoë boom in vlamme uit.  
My vriendin van Berlyn was saam, ons was verliefdes in dié tyd,  
en baie ver van die huisie toe die storm opsteek.  
Sy het verlang na haar eie stad, met sy kleed van droewe as ...  
In die wandeling kon ons voel hoe die lading in ons hare  
en in ons klere oplaai, hoe die granietblokke  
opstapel, in 'n onsigbare wêreld.

Die grondpaadjie het gekronkel na 'n oop plato,  
'n hoë grond  
waar die woedende hemele al's doodslaan wat beweeg.  
Die gerug, van 'n ou luiperd wat daar rondsluip ...  
Ons hartkloppe was hoorbaar, maar te laat vir omdraai.  
Vroeër jare was daar 'n halfweg-hut. Peule het geritsel.  
'n Blikkerige getingel, van amulette in die bome.  
Verby 'n kopbeentjie wat gryns op 'n stok.  
"Jy weet daar's 'n vloek hier," sê ek; ontsenu, in 'n grap.  
En net daar, vries sy: "Ons moet terug!", steek haar arm uit –  
die fynhaartjies regop, die wortels wat trek; pluk aan my  
en slaan voet in die wind daardie langbeen meisie  
soos 'n eksotiese volstruis oor die voorvadersgrond  
van 'n uitgedelgde Afrika-stam die swart verskroeiende stoppelland  
bloedgrond haar rok wat opwaaier soos 'n waansinnige blomkroon,  
die kelkie wat onder flits. Ek agterna. Sopnat.

Die huisie bereik.

Ons kerse het nog gebrand. Maar die plek was 'n gemors:  
die tafeldoek 'n ent gesleep, glase omgestamp, borde op die vloer.  
'n Wilde veldreuk het in die vertrek gehang. 'n Wind, dieper huis-in.  
"Maak alles toe!" skreeu ek. "Gou!" beaam sy terug.  
Haastig sit ons die deurklinke op en haak die luike toe.  
Die reën het swaar uitgesak. Hael en wind, blitsende donder.

Veilig, oplaas ... Of nie? Daar het ons staan en drup,  
met glimlagte breed soos seilbote wat te water gelaat word.  
Die aard van toordery, in die wegvlug loop jy daarin vas ...  
En as ek nou daaraan dink, het die onderdak ons nie gespaar nie.  
Ons was steeds op voorvadersgrond, met al sy kaprise.  
Enige twee minnaars nakend saam, is op voorvadersgrond.  
Die aasdier? ... dit was óns, die mens, wat bedel om versorging.  
En die weerlig?

Die laatmiddag se bliksemskigte –  
wat tussen ons gebeur het met ons tuiskoms  
op die oopte van die hart, waar geen mens kan wegskuil nie?  
Dit was net genade. Bloot genade.

**Charl-Pierre  
Naudé**

Charl-Pierre  
Naudé's debut  
collection of poetry is  
*Die nomadiese oomblik*  
and was presented  
with the Ingrid  
Jonker Award in  
1997. The title of his  
new collection is *In  
die geheim van die dag*.

## Ancestral ground

A couple of years back I spent a weekend  
on a deserted farm, in northeast Mpumalanga.  
In this very region, it is claimed, the world's  
highest incidence of lightning strikes occurs.  
The sky grows dark, becomes purple and silver  
and the crashing sounds begin. A tall tree might catch fire.  
I was with my Berlin friend, we were lovers at the time  
and far from the little house when the storm started to gather.  
She was homesick for her city, with its cloak of sad ashes ...  
Walking, we could feel the static loading  
in our hair and in our clothes, the granite blocks  
being stacked up, in an invisible world.  
The track slowly winded to an open plateau,  
a high ground  
where the angry heavens slaughter all movement.  
A rumour, of a lone leopard that roams ...  
Our hearts were pounding, but too late to turn back.  
In former times there was a halfway shack.  
Pods rattled; a tinny sound, of charms in the trees.  
We passed a little skull that grinned on a stick.  
You know about the curse, I said nervously, in jest.  
She stopped dead: "We must go back!", stretching out her arm –  
our body hairs all erect, the roots pulling.  
And she tugged at me, and started to run that long-legged girl  
like an exotic ostrich over the ancestral ground  
of a vanquished African tribe burnt fields of black stubble  
blood ground her dress flying up like the petals of a mad flower,  
flashing the chalice. Me after. Drenched.  
Getting home, eventually.

Our candles were still burning. But the place was a shambles:  
tablecloth dragged, glasses knocked over, plates on the floor.  
A feral smell hung in the air. A wind, from further inside.  
"Close everything!" I shouted. "Quick!" she called back.

The clouds burst their seams. Hail and wind. Lashing thunder.  
Safe, at last ... Or not? There we stood dripping,  
with broad smiles like two river boats being launched.  
The nature of witchcraft, you run towards it when you flee ...  
And thinking back, the shelter did not deliver us.  
We were still on ancestral ground, exposed to its caprice.  
Any two lovers naked together, are on ancestral ground.  
The scavenger ... that was us, the human being, asking to be cared for.  
And the lightning?

The flaring bolts of that afternoon –  
that happened between us on arriving home  
on the plain of the heart, where no one can hide?  
That was just mercy. Simple mercy.

Christine Barkhuizen

le Roux

## kersmaal

binne die consulvaas  
die hoogseisoen se bêrefles  
skik ek drie werftulpe  
die amber van 'n varing  
die rooi poinsettiablom  
en wag op een wat nog moet kom

ek dek die tafel silwergroen  
en skink die wyn reeds in jou glas  
oorkant die leë stoel  
oorweeg ek hierdie kersfees  
weer die feesmaal  
en die vas

Weer spring hy rats  
tot op die klipkraalmuur se hoogste spits  
en stol  
asof hy moet besluit oor grond of lug,  
en daal dan met een gedrewe sprong  
na vaalgrys grond en bossies terug.  
Hy lig sy been minagtend hoog  
en teken dan teen elke pol en klip  
swierig sy naam in goudgeel boog.  
Buite die kraal loop hy ligter  
en pronk met sekelstert,  
met harde baard  
en stywe stang.  
Sy balle swel soos ryp spanspekke  
en wil-wil sleep in van die lekke.  
Gereeld slyp hy sy horings aan  
die harde klip  
en bly uitdagend staar  
na elke stip,  
bereid tot veg óf paar.  
Water alleen sou nooit sy dors kon stil  
en gras alleen sy pens kon vul –  
sý kuttels los hy waar hý wil.

Tog kruip hy druipstert  
oor die kraal se skutmuur terug  
en gaan lê dan telkens pootuit  
teen dieselfde ooi se rug.

### Dolf van Niekerk

Dolf van Niekerk is 'n bekroonde skrywer, bekend vir sy romans en jeugboeke, onder meer *Gannavlei* (1958), *Die son struikel* (1963), *Skrakom huis toe* (1968) en *Die haasvanger* (1985). Op 22 Februarie 2004 het hy 75 jaar oud geword.

'n Keuse uit:

### Pellafolio

Boerneef het 'n woord laat val  
oor die berggansveer by Wuppertal  
en ek en jy dwaal deur die Tra-travlei  
op soek langs watervore, in stegies,  
by die skoefabriek en spierwit huisies;  
waar aartappelplanters vore spit,  
in die begraafplaas waar Leipoldt  
se oupa lê, om die gewelkerk en uiteindelik  
met die Pakhuis langs tot by L se graf  
waar al die veld nog vrolik is –  
op soek na Boerneef se laaste sin  
dat hy mits dese namens my  
vir jou kan sê  
hoe diep my liefde vir jou lê.

By Delfi gloei die rotse  
oker en geel en rooi,  
dit kaats tot in die diepste  
bergspleet waar die orakel sit  
en Alexander wat by Aristoteles  
leer twyfel het, wil weet: moet hy  
denke vir die spies verruil, dit  
oor die wêreld werp dat sy  
onsterflikheid uit die gepriemde  
aarde kan gedy.

By Meiringspoort brand die rotse  
oker en geel en rooi,  
die Swartberg sny duisend  
splete vir orakels  
en ek, verdwaas en dom wil weet:  
moet ek liefde vir die rus verruil,  
dit soos 'n tent oor my laaste dae span  
en hoop dat die geliefde  
net voor die langste nag  
sal kom.

Mahler is ons reisgesel,  
sy liefdesleed maak wolke oor die berge –  
opgeefsels van rots en strome,  
voëlgesang in sederbome;  
'n lied van die aarde 'n lied van verlies  
langs al die paaie wat hy vat  
wat geen bestemming het of plek wat  
hy kan inrig vir 'n dag of nag.  
Al tuiste vir verlange  
is die kringloop van seisoene –  
ewig, ewig lente en somer, herfs  
en winter, ewig in genadelose  
wisseling van lig en donker,  
van kom en gaan, van leef en sterf.

Hierdie dae waar alles langsaam is,  
die tyd genadig in die son  
se trae gang van blaar tot blaar  
se laaste blink, die wind te skugter  
om boom of tak te roer  
maar blare tog gewillig val  
sodat die jaar volkome word  
só herfs ek in die najaar  
van dink en wonder of daar  
iets groot kan kom uit die verdriet  
van 'n geskiedenis waar verlange  
niks anders was as 'n ster  
wat uit die nag in die nag verskiet.

Hennie Aucamp

## Portret van 'n digter

(vir Amanda Strydom)

Tant Lizzie had 'n mooi gesig  
en boonop kon tant Lizzie dig  
en kindertyd  
het ons gepleit  
"Ag Lizzie, skryf 'n mooi gedig  
en plaas daarnaas jou mooi gesig."

Maar nou het haar gesig verdig  
en skyn daaruit 'n laaste lig:  
gelukkig kon tant Lizzie dig  
en het ons nóg haar mooi gesig.

Dalk was dit altyd só gewees:  
haar verse skuif oor haar gesig  
wat haar van binne-uit verlig –  
en op haar grafklip sal ons lees:

"'n Sluier vir 'n ou gesig  
is op sy mooiste 'n gedig."